



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Hoe het die helde geval

Ek het grootgeword in 'n era toe veral twee lande vir ons soos bakens van hoop en vooruitgang was. Die VSA was die eerste een. Ek het alles bewonder wat Amerikaans was: die Apollo-maanlanding, hulle magtige ekonomie, en hulle morele kompas in 'n tyd toe Europa en Brittanje die kerke een na die ander begin toemaak het. Ek het vas geglo Amerika is die een land wat die wêreld 'n beter plek maak. Maar nou voel dit vir my of

hulle president en sy binnekring vasbeslote is om alles wat daardie land goed gemaak het, af te breek. Hulle het die boelies van die wêreld geword. Hulle Departement van Verdediging het 'n Departement van Oorlog geword, en dit stuit my teen die bors hoe hulle die Bybel misbruik om politieke agendas te regverdig.

Die ander land vir wie ek die hoogste agting gehad het, is Israel. Ek het hulle gesien as 'n wonderland van verstommende prestasies – van uitstaande landboutegnologie tot van die beste verdedigingstelsels ter wêreld. Hulle intelligensiediens, Mossad, was die absolute ideaal. Maar net soos in die VSA, is hulle premier en kabinet vinnig besig om die respek van die wêreld te verloor. Dit is vir my bitter om te sien hoe skietstakings telkens verbreek word, hoe skole en hospitale in die proses vernietig word, en hoe vrede oënskynlik nie meer nagejaag word nie.

Laat ek egter een ding heeltemal duidelik stel: my diepe teleurstelling in die optrede van die VSA en Israel beteken glad nie dat ek die dade van terreurgroepe soos Hamas en Hezbollah, of die regimes soos dié van Iran, enigsins goedpraat of regverdig nie. Hulle brutaliteit en ekstremisme is verwerplik. Maar juis daarom het ek van Israel en die VSA – as demokratiese lande met 'n morele erfenis – beter verwag as van hulle.

In plaas daarvan het hierdie twee eertydse simbole van hoop 'n vennootskap gevorm wat vernietigende gevolge het, sonder om die langtermyn-impak van hulle oorloë te deurdink. Die hele wêreld betaal die prys. Gaan gooi jou motor vol as jy my nie glo nie. Vra jou huishulp hoeveel die taxi haar nou kos om by die werk te kom. Vra die boere met hoeveel hulle insetkoste gestyg het. Wag maar net tot die reserwebank rentekoerse wéér verhoog.

Ek moet erken, ek moes my basiese standpunt oor Israel radikaal heroorweeg. Hulle is lank nie meer die Israel van die

Bybel aan wie God al daardie wonderlike beloftes gemaak het nie. Die huidige politieke leierskap herinner eerder aan die historiese nageslag van die volk wat die profete teëgestaan het en Jesus oorgelewer het om gekruisig te word. Hulle staan nie meer aan die kant van die goeie nie. Ek het my respek vir hulle verloor, en solank Netanyahu en sy regering aan bewind is, sien ek nie dat dinge gaan regkom nie.

En die VSA? Hoe het dit gebeur dat iemand soos Donald Trump hulle president kon word? 'n Man wat openlik beweer dat hy nie sonde doen nie – dalk net 'n fout of twee, maar beslis nie sonde nie. 'n Man wat spog dat die Bybel sy gunsteling-boek is, maar nie 'n enkele vers daaruit kan opnoem nie. 'n Man wie se morele karakter gekenmerk word deur skandale soos dié rondom Stormy Daniels.

Maar ek moenie net oor die water kyk nie; ek moet ook hand in eie boesem steek. Ek het grootgeword in 'n tyd toe ons gedink het die Afrikaners is God se spesiale geskenk aan Suid-Afrika en dat die Nasionale Party die antwoord is. En later? Toe die growwe onreg van die vorige bedeling en Apartheid op die lappe gekom het? Toe ons besef watter onmeetlike skade die Groepsgebiedewet aan die sosiale samehorigheid en die lewens van ander mense in ons land berokken het?

Hoe het die helde nie geval nie! Daar is so min in die nuus waarom 'n mens vandag nog opgewonde of trots kan wees. Hoe skrikwekkend reg is die Woord nie waar dit sê daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie (Ps 14:3; Rom 3:9-12). Nee, nie een nie. Nie daardie lande of leiers nie, nie ek nie, en ook nie jy nie.

Dit is tyd dat ons met absolute eerlikheid die ou smeekgebed van die kerk bid: *Kyrie eleison!* Here, wees ons genadig.

Onlangse Bydraes

- [Esau](#)

- [Joh 6:56,57 NAGMAAL, SODAT ONS KAN LEWE!](#)
- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)

© Bybelkoerant 2018 – 2026